higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

KOSTE- EN BESTUURSREKENINGKUNDE N5

(4010185)

3 Desember 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en 'n antwoordboek van 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KOSTE- EN BESTUURSREKENINGKUNDE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in die ANTWOORDBOEK (aangeheg). Skryf jou EKSAMENNOMMER en SENTRUMNOMMER op elke bladsy in die spasies daarvoor gelaat.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Eiendomsbelasting en diensgelde wat op die maatskappy se grond en geboue betaal word, is 'n ... koste.

A Versonke (sunk)
B tyd- (period)
C vervaardigings-
D geleentheids-

1.1.2 ... rekeningkunde plaas minder klem op akkuraatheid en meer klem op ander aspekte as die geldwaarde.

A Koste-
B Interne
C Finansiële
D Bestuurs-

1.1.3 Watter EEN van die volgende word NIE met primêre koste geassosieer nie?

A Direkte arbeid
B Direkte materiaal
C Indirekte produksiekoste
D Direkte produksiekoste

1.1.4 Watter EEN van die volgende is NIE EEN van die drie tipes koste wat 'n belangrike rol in materiaalvoorraadbeheer speel nie?

A Koste van bestelling
B Uitvoorraadkoste
C Standaard voorraadkoste
D Houkoste

1.1.5 Watter EEN van die volgende sal NIE die keuse van 'n verskaffer beïnvloed nie?

A Die koste daarvan om grondstowwe in voorraad te hou
B Betroubaarheid van die verskaffer
C Gehalte van die produk
D Pryse en betalingsvoorwaardes

Kopiereg voorbehou

1.1.6 Onderverhaalde vervaardigingsbokoste beteken ...

A die toegekende bokoste is meer as die werklike bokoste.
B die werklike bokoste is meer as die toegekende bokoste.
C begrotte bokoste is meer as die werklike bokoste.
D Nie een van die bostaande nie.

1.1.7 Die produksiekostestaat word opgestel om die ... te bereken.

A totale koste van materiaal wat vir die jaar gebruik is
B bruto wins vir die jaar
C onderneming se ekwiteit en aanspreeklikheid vir die jaar
D produksiekoste van afgewerkte goedere vir die jaar

1.1.8 Die kontrolerekening vir vervaardigingsbokoste word opgestel om ... te bereken.

A totale werklike bokoste wat tydens die finansiële tydperk bestee is.
B totale primêre koste.
C materiaalkoste wat vir die tydperk gebruik is.
D netto wins vir die tydperk.

1.1.9 Toegepaste vervaardigingsbokoste beteken ...

A totale vervaardigingsbokoste vir die jaar.
B toekenning van vervaardigingsbokoste aan 'n spesifieke item.
C Vooruitskatting van die vervaardigingsbokoste vir 'n toekomstige tydperk.
D Al die bostaande.

1.1.10 Die mensehulpbrondepartement hanteer ...

A byou van werknemers se personeelrekords.
B bestelling van grondstowwe wat vir produksie nodig is.
C Personeelvergoeding.
D B en C.

1.1.11 BEG beteken ...

A bestelling van ekonomiegrootte.
B bestelling van ekonomiese groep.
C bestelling van ekonomiese grootte.
D bestelling van ekonomiese getal.

1.1.12 Afgewerkte goedere is ...

A die voltooide produkte wat bedoel is om verkoop te word.
B produkte wat nog nie gereed is om verkoop te word nie.
C sekondêre grondstowwe wat vir die produksieproses nodig is.
D grondstowwe wat in 'n produk gesien kan word.

Kopiereg voorbehou

1.1.13 Kwantitatiewe inligting gaan oor ...

A die aantal eenhede wat geproduseer is.
B die koop van die sakeperseel.
C doelwitstelling vir die onderneming.
D salaris wat aan die bestuurder se sekretaresse betaal word.

1.1.14 Langtermynbesluite in die maatskappy behels ...

A die besluit oor watter media gebruik moet word om nuwe produkte te adverteer.
B belegging in 'n nuwe aanleg.
C die aantal eenhede van elke produk wat vervaardig moet word.
D vasstelling van die verkoopprys vir die vervaardigde eenhede.

1.1.15 'n Organogram ('Organisational chart') word opgestel om die ... te illustreer.

A aandeelhouers in die maatskappy
B eienaars van die maatskappy
C name van die maatskappy se verskaffers
D werkseenhede of bestuursafdelings in die maatskappy

1.1.6 Die formule wat gebruik word wanneer waardevermindering volgens die verminderdesaldo-metode bereken word:

A Eenhede wat hierdie finansiële tydperk vervaardig is vermenigvuldig met die koste per eenheid gedeel deur die begrote eenhede oor die verwagte tydperk.
B Kosprys vermenigvuldig met die gegewe persentasie.
C Kosprys minus opgelope waardevermindering met die gegewe persentasie vermenigvuldig.
D Nie een van die bostaande nie.

1.1.17 Veranderlike koste ...

A verwys na die direkte produksiekoste.
B bly konstant ongeag die verandering in die aantal eenhede wat geproduseer word.
C verander in direkte verhouding tot die veranderinge in die produksievolume.
D Nie een van die bostaande nie.

Kopiereg voorbehou

1.1.18 Slegs drie tipes koste speel 'n belangrike rol in materiaalvoorraad-beheer.

Watter EEN van die volgende is NIE een daarvan nie?

A Uitvoorraadkoste
B Houkoste
C Koste van bestelling
D Koste van die huur van 'n stoorkamer

1.1.19 'n Betaalstaat word saamgestel om rekord te hou van die ...

A werklike tyd wat aan 'n taak bestee is.
B werklike koste van 'n bepaalde taak.
C tyd wat op die klokkaart aangeteken is.
D vergoeding van werkers.

1.1.20 Die produksieverslag word saamgestel om ... te bestuur.

A vervaardigingskoste
B arbeidskoste
C tyd wat weens verskeie redes verlore gegaan het
D werkers se produktiwiteit

(20 × 2) (40)

1.2. Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Die term 'geïntegreerde rekeningkunde' verwys na die enkelboek-houdingstelsel wat finansiële en kosterekeninge insluit.

1.2.2 Klokkaarte word gebruik om inligting oor die werklike ure wat elke werknemer gewerk het aan te teken.

1.2.3 Bestuursrekeningkunde gaan oor die voorsiening van inligting aan mense buite die onderneming.

1.2.4 Toewysingstariewe ('allocation rates') is die begrote bokoste gedeel deur 'n geskikte basis.

1.2.5 Wanneer direkte materiaal aangekoop aangeteken word, sal 'n mens die krediteurekontrolerekening debiteer en die materiaal-kontrolerekening krediteer.

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

1.3 Dui aan of die volgende beskrywings voorbeelde is van DIREKTE VERVAARDIGINGSKOSTE, INDIREKTE VERVAARDIGINGSKOSTE OF NIE-VERVAARDIGINGSKOSTE Kies die antwoord en skryf slegs 'Direkte vervaardigingskoste', Indirekte vervaardigingskoste' of 'Nievervaardigings-koste' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Lone wat aan werkers wat steierwerk op die bouterrein verskuif betaal word.

1.3.2 Lone wat aan werkers word wat komponente vir produksie monteer betaal word.

1.3.3 Lone wat aan skoonmakers wat die administratiewe kantore skoonmaak betaal word.

1.3.4 Lone wat aan die verwer op die fabriek se onderhoudspan betaal word.

1.3.5 Lone wat vir staantyd wanneer 'n masjien onklaar raak aan werkers betaal word.

(5 × 2) (10)
[60]

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B

VRAAG 2

Die volgende verskyn in die boeke van Loyd Vervaardiging:

Saldo op 1 Desember 2017

Grondstowwe	R26 400
Onvoltooide werk	9 850
Afgewerkte goedere	22 600

OPSOMMING VAN TRANSAKSIES VIR DIE MAAND GEËINDIG DESEMBER 2017

Kontantaankope van grondstowwe	292 000
Kontantbetaling van vervoerkoste (carriage) op aankope	35 600
Grondstowwe vir verwerking uitgereik	284 000
Arbeid: Direkte	200 000
Arbeid: Indirekte	38 200
Huur van fabriek	84 300
Versekering van fabriek	6 480
Onderhoud van aanleg	38 300
Waardevermindering op aanleg	13 800
Koste van verkope van afgewerkte goedere	420 000
Verkope (afgewerkte goedere verkoop)	780 00
Balans van onvoltooide goedere op 31 Desember 2017	14 800

Bokoste word teen 80% van direkte arbeidskoste toegeken.

Kopiereg voorbehou

VERLANG

Stel die volgende grootboekrekeninge op:

2.1	Grondstowwe	(6)
2.2	Arbeidkontrole	(5)
2.3	Vervaardigings-bokostekontrole	(8)
2.4	Produksiekontrole	(8)
2.5	Voltooide goedere	(5)
2.6	Koste van verkope	(4)
2.7	Wins en verlies	(4)

[40]

VRAAG 3

Die volgende verskyn in die boeke van Mavesh Vervaardiging aangaande item MAC33.

BESKRYWING

Jaarlikse gebruik van materiaal	120 000 eenhede
Maksimum gebruik per maand	12 000 units
Minimum gebruik per maand	9 000 eenhede
Buffervoorraad	6 000 eenhede

	Maksimum	**Minimum**
Lewering styd vir materiaal	4 maande	2 maande

Die koste om 'n bestelling te plaas is R40 en die koste om een eenheid materiaal vir 'n jaar te stoor is R1,20.

VERLANG

Bereken die volgende:

3.1	Die bestelpunt	(4)
3.2	Bestelling van ekonomiese grootte	(6)
3.3	Die maksimum voorraadvlak	(5)
3.4	Die gemiddelde voorraadvlak	(5)

[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Die volgende inligting verskyn in die boeke van Nelly Vervaardiging:

	VOORRAAD	
	1 Maart 2016	**28 Februarie 2017**
Materiaalkontrole	12 000	14 000
Onvoltooide werk	18 000	26 000
Afgewerkte goedere	28 000	32 000
Fabriekstoerusting (kosprys R14 000)	12 000	

TRANSAKSIES AANGETEKEN

Materiaal by krediteure aangekoop	154 000
Rente op fabriek betaal	26 000
Elektrisiteit vir fabriek betaal	22 000
Direkte lone vir fabriek betaal	189 000
Salaris aan fabrieksadviseurs betaal	38 000
Direkte materiaal na fabriek oorgedra	236 000
Indirekte materiaal na fabriek oorgedra	10 000
Verkope van afgewerkte goedere	580 000
Vervaardigingsbokoste verhaal	105 000
Verkoops- en administratiewe koste	45 000
Waardevermindering van fabriekstoerusting = 20% volgens die verminderdesaldo-metode	?

VERLANG

4.1 Stel 'n produksiekostestaat op vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017. (20)

4.2 Bereken die inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017. (10)
[30]

VRAAG 5

Toyz Vervaardiging gebruik 'n deurlopende voorraadstelsel. Die volgende transaksies het in April 2017 plaasgevind:

DATUM	EENHEDE VERVAARDIG	EENHEDE UITGEREIK
01 April	Aanvangsvoorraad	2 200
03 April	400 @ R8,00	
09 April		1 200
12 April	300 @ R13,00	
15 April		990
19 April	Stuur 150 aan verskaffer terug (op 12 April ontvang)	
25 April		450
31 April	850 @ R15,50	

VERLANG

Gebruik die aangehegte ANTWOORDBLAD om die waarde van die voorraad op 30 April 2017 volgens die eerste-in-eerste-uit-waardasiemetode te bereken **[20]**

VRAAG 6

6.1 Die volgende het betrekking op Calvin Meeto, 'n werknemer wat weekliks betaal word:

Normale werksure per week	40 uur
Ure gewerk	48 uur
Aantal eenhede geproduseer	300 eenhede
Normale tarief per uur	R75
Oortydtarief	1½ van normale tarief
Produksiebonus vir elke 50 eenhede geproduseer	R35

Aftrekkings is soos volg:

Pensioenfonds is 7,5% van die normale loon
LBS is 20% van die belasbare inkomste op bruto loon
WFV is 1% van normale loon
Mediese fonds is 5% van normale loon
R15 per week vir vakbondlidmaatskap

VERLANG

Bereken die netto loon vir Calvin Meeto. (20)

6.2 Jy is die kosterekenmeester van Locter Bpk., 'n maatskappy wat houttafels vervaardig en verkoop.

Jy het die volgende inligting ontvang:

6 meter materiaal @ R8 per meter is per tafel nodig
Dit neem 2 uur en 30 minute om een tafel @ R12 per uur te vervaardig
Vervaardigingsbokoste word bereken @ R16 per tafel
200 tafels is in August 2017 vervaardig

Bereken elk van die volgende:

6.2.1 Die totale produksiekoste vir Augustus (8)

6.2.2 Die totale produksiekoste per eenheid vir Augustus (2)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 140
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou